

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARSTUDE SG
(Eerste Vraestel: Prakties)

TYD: 3 uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Kontroleer dat jou vraestel volledig is.
 - Jy sal ? eksamendisket met ? plakker op en ? vou-lêer van die toesighouer ontvang. Vul jou eksamennommer duidelik op die plakker in en voltooi die voorblad van die lêer.
 - ALLE vrae is VERPLIGTEND.
 - Stoor jou werk met gereelde tussenposes op die disket, minstens elke 10 minute.
 - Jy kan die volle tyd wat toegelaat word (3 uur), gebruik om die vrae te beantwoord. Addisionele tyd word toegelaat om drukwerk te doen. Geen veranderinge mag gedurende die druktyd aan enige dokument aangebring word nie.
 - Volg die instruksies noukeurig aan die einde van elke vraag met betrekking tot die inhandiging van drukstukke en die lêers wat op die eksamendisket gestoor moet word. Die lêers en drukstukke wat ingehandig moet word, word aan die einde van elke vraag in 'n raampie soortgelyk aan hierdie een aangedui.
 - Rangskik jou drukstukke volgens die vraagnommers. Maak seker dat jou eksamennommer op elke bladsy geskryf of gedruk is. Plaas al die bladsye in die gegewe lêer en kram dit in die boonste, linkerkantste hoek aan die lêer vas aan die binnekant van die flap wat invou.
 - Plaas jou disket in die sakkie aan die binnekant van die voorblad van die lêer en verstewig dit deur die sakkie aan die voorblad vas te kram. **WEES VERSIGTIG OM NIE DIE DISKET RAAK TE KRAM EN SODOENDE TE BESKADIG NIE.**
-
-

VRAAG 1
WOORDVERWERKING

Die plaaslike gimnasium wil die hoërskoolleerders meer gesondheidsbewus maak. Hulle poog om 'n fiksheidsklub by die skool tot stand te bring.

Laai jou woordverwerkerprogram en maak die bestaande lêer **VR1** op jou eksamendisket oop.

1. Voer die instruksies 1.1 – 1.13 uit en bring die veranderinge op die dokument aan sodat dit soos volg sal lyk:

FISIESE AKTIWITEIT

Wat is fisiese aktiwiteit?

Fisiese aktiwiteit is oefening soos draf, swem, fietsry, aërobiese oefeninge, maar ook 'n meer aktiewe leefwyse soos om byvoorbeeld trappe te klim in plaas daarvan om met die hysbak te ry.

Voordele van fisiese aktiwiteit

- Dit kan die risiko van hartsiektes verminder en jou lewe verleng.
- Dit verbeter jou metabolisme en laat jou meer energiek voel.
- Dit verbeter jou geestesgesondheid en gemoedstoestand.
- Dit help jou om spanning beter te hanteer.
- Gereelde fisiese aktiwiteit help jou om jou gewig te beheer en fiks te bly.

Hoeveel fisiese aktiwiteit is nodig?

Dertig minute van fisiese aktiwiteit die meeste dae van die week. (Jy moet daarna streef om ten minste 3 dae per week te oefen.)

Matige fisiese aktiwiteit:

Dans
Golf
Swem (rustig)
Fietsry (rustig)
Vinnig stap

Strawwe fisiese aktiwiteit:

Spinning
Aërobiese oefening
Tennis, Rugby, Hokkie, Netbal
Fietsry (vinnig)
Hardloop

Wenke:

Stel eenvoudige doelwitte.
Begin stadig, een of twee keer per week en bou geleidelik op.
Hou 'n dagboek.
Volhard.

Hoe om jou harttempo te bereken:

Om jou maksimum harttempo te bereken, trek jou ouderdom in jare af van 220. Om ? gegewe persentasie uit te werk, vermenigvuldig jou maksimum harttempo met 0,6 (vir 60%), 0,7 (vir 70%), ens. Byvoorbeeld: ? persoon wat 20 jaar oud is het ? maksimum harttempo van 200 slae per minuut (220 – 20). As die persoon teen 70% oefen, sal sy hartklop dus 140 slae per minuut wees.

		HARTTEMPO			
		100%	90%	80%	70%
OUDERDOM	16	204	184	163	143
	17	203	183	162	142
	18	202	182	162	141
	19	201	181	161	141

Vir elk van die volgende, verwys na die voorbeeld op bladsy 3 en 4:

- 1.1 Verander die hele dokument se skrif tipe na Arial. (1)
- 1.2 Verander die opskrif “**FISIESE AKTIWITEIT**” soos volg: (3)
 - Sentreer die opskrif.
 - Maak die opskrif vetdruk (“*bold*”).
 - Verander die skrifgrootte na 14 pt.
- 1.3 Onderstreep die subopskrifte: “Wat is fisiese aktiwiteit?”, “Voordele van fisiese aktiwiteit”, “Hoeveel fisiese aktiwiteit is nodig?”, “Wenke:”, en “Hoe om jou harttempo te bereken:”. (2)
- 1.4 Verander die eerste paragraaf “**Wat is fisiese aktiwiteit?**” se lynspasiëring na 1.5 en stel die paragraaf volinlyn (*fully “justify”*). (2)
- 1.5 Verander elk van die bullets • onder die opskrif “Voordele van fisiese aktiwiteit.” na ? pyltjie, bv. ○. (2)

- 1.6 Plaas ? raampie rondom elk van die opskrifte “**Matige fisiese aktiwiteit:**” en “**Strawwe fisiese aktiwiteit:**” (2)
- 1.7 Plaas die matige fisiese aktiwiteite en strawwe fisiese aktiwiteite, saam met die opskrifte, in twee kolomme. Trek ? vertikale lyn tussen die twee kolomme. (3)
- 1.8 Plaas ? bladsybreek (“*page break*”) voor die laaste paragraaf “**Hoe om jou harttempo te bereken:**”. (1)
- 1.9 Nommer die bladsye aan die bokant in die middel van die bladsy. Die nommer moenie op die eerste bladsy verskyn nie. (3)
- 1.10 Verander die laaste paragraaf “**Hoe om jou harttempo te bereken:**” soos volg (tabel uitgesluit): (3)
- Verander die agtergrond van die hele paragraaf na blou.
 - Stel die inkeping van die paragraaf (“*indent*”) links in op 2 cm en regs in op 2 cm.
- 1.11 Verander die tabel heel onder aan die dokument soos volg: (10)
- Voeg selle saam (“*merge*”) soos aangedui.
 - Verander die teksrigting van OUDERDOM na vertikaal.
 - Maak OUDERDOM en HARTKLOP vetdruk (“*bold*”).
 - Trek ? raam soos aangedui op bladsy 4 in die vraestel (wydte 3 pt).
 - Die ry-hoogte van al die rye moet 1 cm wees.
 - Sentreer alle teks horisontaal en vertikaal in die selle.
- 1.12 Gebruik die woordverwerkingsfunksie om die huidige datum **links** en die tyd **regs** in die bladsyvoetskrif (“*footer*”) in te voeg. (3)
- 1.13 Tik jou eksamennommer in die bladsyopskrif (“*header*”). (1)

Stoor die gewysigde dokument as ? woordverwerkerslêer op jou eksamendisket as **VR1XXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennommer is.

Maak ? drukstuk van VR1XXXX.

[36]

VRAAG 2
WOORDVERWERKING

Om die fiksheidsklub bekend te stel, bied die gimnasium ? tweekamp aan.

Gebruik jou woordverwerkingsprogram en ontwerp die volgende strooibiljet (grootte A4) wat by die skool uitgedeel kan word. Gebruik die onderstaande as riglyn. Punte word toegeken vir die ontwerp van die strooibiljet en die intik van die korrekte inligting. (5)

- Gebruik verskillende skrifgroottes en skriftypes. (2)
- Kies ? geskikte naam vir die tweekamp – gebruik WordArt. (2)
- Gebruik die twee prente wat op jou eksamendisket gestoor is as “draf” en “fiets”. Plaas elke prent in ? raampie soos aangedui. (3)
- Maak die agtergrond van die ster “autoshape” groen en verander die lyn om die “autoshape” na ? rooi dubbelyn. (3)

Tik jou eksamenommer in die bladsyopskrif (“header”).

Hierdie vraag sal op die rekenaar nagesien word.

TWEEKAMP
20 JANUARIE 2007

Registrasie: 7:00
Inskrywingsgeld : R10 per span/persoon

3 cm 1. Prent van hardloper

10 cm 2. Prent van fietsryer

3 km wedloop

10 km fietsry

Navrae : Sally 0823334109

Pryse vir eerste 3:
Seuns
Dogters
Gemengde span

Stoor jou dokument as **VR2XXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamenommer is. **Maak ? drukstuk van VR2XXXX.**

[15]

**VRAAG 3
SIGBLAD**

Laai die bestaande lêer **VR3** vanaf jou eksamendisket in jou sigbladprogram.
Die sigblad bevat data van leerders wat aan die fiksheidsklub behoort.

Bring die volgende veranderings aan:

- 3.1 Verander die bladsyoriëntering na landskap ("*landscape*"). (1)
- 3.2 Gee aan die sigblad die opskrif GRAAD 10 – 12 DOGTERS in Ry 1.
Skrifgrootte 16 pt. (2)
- 3.3 Sentreer die kolomopskrif VETPERSENTASIE oor Kolom H en I. (1)
- 3.4 Maak al die kolomopskrifte vetdruk ("*bold*") en omvou ("*Wrap text*") die kolomopskrifte in Selle C3 – G3 sodat die woorde onder mekaar soos volg vertoon:

NAAM	GRAAD	GEB. DATUM	OUDER- DOM	LENGTE (meter)	MASSA (Kg)	LIGGAAMS- MASSA- INDEKS (LMI)	JAN	NOV
------	-------	---------------	---------------	-------------------	---------------	--	-----	-----

- (4)
- 3.5 Pas die kolom se kolomwydtes aan sodat al die data duidelik leesbaar is. (1)
- 3.6 Verander al die ryhoogtes vanaf Ry 4 tot aan die einde van die sigblad na ?
hoogte van 15. (1)
- 3.7 Gebruik die datum in Sel F1 as ? absolute selverwysing en bereken elke dogter se ouderdom in Kolom D. Die ouderdom is die verskil tussen die datum in Sel F1 en die geboortedatum gedeel deur 365.
Rond die ouderdom af na die volgende heelgetal. Bv. 17.4 word 18. (4)
- 3.8 Voeg ? kolom in tussen Kolom G en H en voorsien dit van die opskrif "**KOMMENTAAR**". (1)
- Gebruik ? IF-stelling en druk in hierdie kolom "NORMAAL" as die LMI in Kolom G 20 tot 25 is, druk "ONDERGEWIG" as die LMI onder 20 is en druk "OORGEWIG" as die LMI meer as 25 is. (7)
- 3.9 Sorteër die sigblad alfabeties volgens die graad.
Voeg ? oop reël in na elke graad. (4)

3.10 Gebruik funksies en bepaal onderaan die sigblad die volgende:
Voeg ? geskikte beskrywing by elkeen.

- Die aantal dogters wat by die fiksheidsklub aangesluit het (2)
- Die gemiddelde massa van al die dogters, afgerond tot 2 desimale syfers (3)
- Die aantal dogters wat oorgewig is (2)
- Die lengte van die langste dogter (2)

Die sigblad moet op een bladsy inpas.

3.11 Tik jou eksamennommer in die bladsyopskrif (“header”) in. (1)

3.12 Skep ? lyngrafiek as ? nuwe werkblad (“*worksheet*”) in dieselfde werkboek (“*workbook*”) wat die name asook die vetpersentasies in JAN en NOV van al die Graad 10 – 12 dogters aandui. Noem die werkblad **GRAFIEK**. (2)

Voorsien die grafiek van die opskrif: **VETPERSENTASIES** (1)

- Benoem die asse soos volg: X-as: NAAM
Y-as : PERSENTASIE (2)
- Die series (“*legend*”) moet duidelik aandui dat dit die vetpersentasies van JAN en NOV is. (1)
- Die skaal op die Y-as moet 2 wees. (1)
- Al die name moet vertoon word en die grafiek moet op een bladsy inpas. (2)
- Bepaal uit die grafiek watter dogter die grootste verandering in vetpersentasie gehad het en tik haar van en naam as kommentaar in die boonste regterkanste hoek van die grafiek. (2)

3.13 Kopieer die name en LMI van al die Graad 12-dogters na ? nuwe werkblad (“*worksheet*”) in dieselfde werkboek (“*workbook*”). Noem die werkblad **Gr 12**. (2)

Stoor die gewysigde dokument as ? sigbladlêer op jou eksamendisket as **VR3XXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennommer is.

- Druk die sigblad met die formules op een bladsy horisontaal (“landscape”) Gebruik Ctrl ~.
- **Maak ? drukstuk van die lyngrafiek GRAFIEK.**
- **Maak ? drukstuk van die werkblad Gr 12.**

[49]

**VRAAG 4
INTEGRERING**

Laai die bestaande lêer **VORMBRF** vanaf jou eksamendisket in jou woordverwerkings-program. Gebruik die data in die sigbladlêer VR4 op jou eksamendisket om aan elke leerder ? vormbrief te stuur. Die vormbrief moet die leerder se naam en liggaams-massa-indeks bevat.

(4)

Stoor die vormbrief as **VORMBRFXXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennummer is. **Maak ? drukstuk vir enige leerder.**

[4]

**VRAAG 5
DATABASIS**

Laai die bestaande lêer **VR5** vanaf jou eksamendisket in jou databasisprogram. Die tabelle DOGTERS en SEUNS bevat onderskeidelik die data van die dogters en seuns wat aan die fiksheidklub behoort.

Die tabelle DOGTERS en SEUNS bevat die volgende velde:

Naam:	Teksveld	Die van en naam van die klublid
Graad:	Numeriese veld	Die graad waarin die klublid is
Tel nom:	Teksveld	Die telefoonnummer van die klublid
Klubfooi:	Numeriese veld	Klubfooi wat reeds betaal is
Aërobies:	"Yes/No" veld	Word daar aan die aktiviteit deelgeneem?
Spinning:	"Yes/No" veld	Word daar aan die aktiviteit deelgeneem?
Pilates:	"Yes/No" veld	Word daar aan die aktiviteit deelgeneem?

Bring die volgende veranderings in die tabel **DOGTERS** aan :

5.1 Verander die naam van die tabel ("**rename**") DOGTERS na **DOGTERSXXX** waar XXX die laaste drie syfers van jou eksamennummer voorstel.

(1)

5.2 Verander die kolom KLUBFOOI sodat dit die geldeenheid ("**currency**") in Rand vertoon.

(2)

5.3 Voeg ? geldigheidstoets by die veld GRAAD. GRAAD mag slegs 8 - 12 wees. (Bestaande data moet nie vir geldigheid getoets word nie.)

? Teksboodskap "**Slegs 8 - 12**" moet vertoon word as ? ongeldige nommer ingesleutel word.

(4)

- 5.4 Al die dogters woon die aktiwiteit AËROBIES by. Stel die verstekwaarde (“default”) van die veld in as YES. (Bestaande data moet nie vir geldigheid getoets word nie.) (2)
- 5.5 Maak gebruik van ? navraag (“query”) om die uitstaande klubfooie te bereken as die klubfooie R500 per jaar is. Die kolomopskrif moet VERSKULDIG wees. Kolomme NAAM, GRAAD en VERSKULDIG moet vertoon word.

Stoor die navraag as **VERSKULDIGXXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennummer is en voltooi die navraag op die antwoordblad sodat dit soos jou navraag lyk. (5)

- 5.6 5.6.1 Skep ? navraag (“query”) waarin bepaal kan word watter dogters in Graad 11 klublede is.
- Slegs die kolomme NAAM en TELNOM moet vertoon word.
Die name moet alfabeties gesorteer wees. (5)

Stoor die navraag as **GR11XXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennummer is en voltooi die navraag op die antwoordblad sodat dit soos jou navraag lyk.

- 5.6.2 Gebruik die navraag wat geskep is in Vraag 5.6.1 en stel ? verslag (“report”) op van hierdie Gr 11-dogters.
- Die verslag moet die NAAM en TEL NOM bevat. (2)
 - Voorsien die verslag van die opskrif GRAAD 11-DOGTERS. (1)
 - Voeg jou eksamennummer as ? voetskrif (“page footer”) by. (1)
 - Gebruik ? funksie en bepaal onderaan die verslag die aantal Graad 11-dogters. Voeg die beskrywing “AANTAL” by. (3)
 - Plaas een van die prentjies “draf” of “fiets” wat op jou eksamendisket gestoor is op die verslag. (2)

Stoor die verslag as **GRAAD 11-DOGTERS**.
Maak ? drukstuk van die verslag.

- 5.7 Gebruik ? navraag (query) om te bepaal watter dogters aan meer as een aktiwiteit deelneem. Slegs die NAAM moet vertoon word.

Stoor die navraag as **AKTWITEITXXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamennummer is en voltooi die navraag op die antwoordblad sodat dit soos jou navraag lyk. (5)

- 5.8 Skep ? vorm wat gebruik kan word om nuwe inligting in die tabel DOGTERS in te sleutel. Voorsien die vorm met die opskrif : INVOER VANDATA (3)

Hierdie vorm moet die volgende duidelik aandui :

- Die naam moet ingesleutel word in die formaat : Van eerste, dan naam. (1)
- Die graad moet van 8 tot 12 wees. Plaas ? “combo box” op die vorm waaruit die graad gekies kan word. (2)

Stoor die vorm as **VORMXXXX** waar XXXX die laaste 4 syfers van jou eksamenommer is.

- 5.9 Skep ? nuwe tabel **LEDE** met dieselfde velde as die tabel DOGTERS.

Die tabel moet ook ? primêre sleutel (“*primary key*”) bevat wat die rekords outomaties van 1 af nommer. (3)

- Kopieer al die data van die tabel DOGTERS, asook al die data van die tabel SEUNS na die nuwe tabel LEDE. (2)
- Sorteer die tabel LEDE alfabeties. (2)

Maak ? drukstuk van die tabel LEDE.

[46]

TOTAAL: 150

ANSWERSHEET / ANTWOORDBLAD

CANDIDATE'S NUMBER / KANDIDAAT SE NOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

5.5 Query **OWING** _____ / Navraag **VERSKULDIG** _____

Field:				
Table:				
Sort:				
Show:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Criteria:				
or:				

5.6.1 Query **GR 11** _____ / Navraag **GR11** _____

Field:				
Table:				
Sort:				
Show:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Criteria:				
or:				

5.7 Query **ACTIVITY** _____ / Navraag **AKTIWITEIT** _____

Field:				
Table:				
Sort:				
Show:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Criteria:				
or:				

END / EINDE